# Rekeningkunde

# GRAAD 10

# Kontroletoets Kwartaal 3

## September 2022

**TYDSDUUR: 1½ UUR      TOTALE PUNTE: 100**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

- 'n Spesiale antwoordboek word voorsien waarin alle vrae beantwoord moet word.
- Die vraestel bestaan uit 3 verpligte vrae.
- Gebruik die formules voorsien om u antwoorde te formuleer.
- **BEREKENINGE MOET GETOON WORD OM DEELPUNTE TE VERDIEN.**
- Probeer om by die voorgestelde tydsindeling te hou.
- Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

| ONDERWERPE | Punte toekenning | Tyd in minute |
|---|---|---|
| **VRAAG 1**: Konsepte | 6 | 5 |
| **VRAAG 2**: Balansstaat en notas | 70 | 65 |
| **VRAAG 3:** Ontleding en vertolking van finansiële state | 24 | 20 |
| **TOTAAL** | **100** | **90 minute** |

## VRAAG 1: KONSEPTE [6 PUNTE]

Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs 'waar' of 'vals' langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Bedryfsbates is skuld wat binne 'n jaar betaalbaar is.

1.2 Oortrokke bank word beskou as 'n bedryfslas.

1.3 Oninbare skulde verhaal / ingevorder, sal as 'n bedryfsinkomste beskou word.

1.4 Die Balansstaat toon die finansiële posisie van die onderneming op 'n gegewe tydstip.

1.5 Die lening betaalbaar binne die volgende 12 maande, sal as nie – bedryfslaste hanteer word.

1.6 Verbruiksvoorraad voorhande wat nie teen die einde van die finansiële jaar verkoop is nie, word as 'n bedryfsbate beskou.

(6 x 1)

## VRAAG 2: BALANSSTAAT EN NOTAS (70 PUNTE )

Mamba Handelaars huur 'n gedeelte van 'n groot Mall. Hulle verskaf buiteligprodukte aan hul kliënte. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2022.

2.1 Voltooi die volgende notas:

- Vaste /Tasbare bate nota (23)
- Voorrade (6)
- Kontant en kontantekwivalente (13)

2.2 Voltooi die Balansstaat. (28)

**INLIGTING**

**Uittreksel uit die Voor-aansuiweringsproefbalans van Mamba Handelaars op 28 Februarie 2022.**

| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **Fol** | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|---|
| Kapitaal | | | 233 448 |
| Onttrekkings | | 12 800 | |
| Toerusting | | 418 000 | |
| Grond en geboue | | 530 000 | |
| Voertuie | | 101 200 | |
| Opgehoopte waardevermindering: Toerusting | | | 83 600 |
| Opgehoopte waardevermindering: Voertuie | | | 38 280 |
| Vaste Deposito: AA Bank (5%) | | 11 000 | |
| Handelsvoorraad | | 10 120 | |
| Debiteurekontrole | | 11 804 | |
| Bank | | 23 000 | |
| Spaarrekening | | 2 000 | |
| Wisselgeld | | 3 000 | |
| Kleinkas | | 1 000 | |
| Lening: ZZ Bank (9%) | | | 4 000 |
| Krediteurekontrole | | | 7 500 |

**Aansuiwerings:**

1. ‘n Nuwe gebou is op 5 Mei 2021 teen R187 000 aangekoop. Hierdie transaksie is aangeteken.

2. Waardevermindering op toerusting word teen 10% per jaar op die verminderde saldo metode afgeskryf. Op 1 Mei 2021 is nuwe toerusting ten bedrae van R9 120 aangekoop. Die aankoop van die bate is geboekstaaf.

3. Waardevermindering op voertuie word teen 20% per jaar op die kosprys metode afgeskryf. ‘n Tweedehandse voertuig is op 1 Junie 2021 teen R16 000 aangekoop. Hierdie transaksie is nie aangeteken nie.

4. R500 se voorraad is gesteel. Die versekeringsmaatskappy het 80% van die eis betaal. Geen inskrywing van die transaksie is nog gedoen nie.

5. Die volgende voorraad is voorhande aan die einde van die finansiële jaar:
   - Handelsvoorraad ,R9 500
   - Verbruiksgoedere ,R352

6 Die Februarie 2022 bankstaat toon die volgende:

- Bankkoste R375
- 'n EFO van R1 800 wat gekanselleer is. Dit was 'n betaling van 'n debiteur. Daar was R200 korting aan hom toegestaan.

7. 'n Bedrag van R400 is uit die kleinkas aan 'n krediteur betaal op ons rekening.

8. Die rente op die vaste deposito vir die afgelope drie maande is steeds uitstaande op 28 Februarie 2022. Die rente beloop R413 per maand en rente word gekapitaliseer. 'n Bedrag van R1 000 van die vaste deposito verval in Augustus 2022

9. Die helfte van die lening sal in die huidige jaar terugbetaal word.

10. Netto wins (na – aansuiwerings) vir die jaar beloop R132 684.

**VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (24 PUNTE)**

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Bokkie Handelaars op 30 Junie 2022 ( die einde van die finansiële jaar):

**GEVRA**

Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2022:

3.1 Persentasie bruto wins op omset (3)

3.2 Persentasie bruto wins op koste van verkope (4)

3.3 Vuurproefverhouding (4)

3.4 Graad van solvensie (5)

3.5 Opbrengs op eienaarsbelang (5)

3.6 Lewer kommentaar op die vuurproefverhouding (3)

| GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | Bedryfsbates – voorraad : Bedryfslaste |
| Totale bates : Totale laste | Bedryfsbates : Bedryfslaste |
| $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | |

**INLIGTING**

| Uittreksel uit die finansiële state van Bokkie Handelaars vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 | |
|---|---|
| | R |
| Omset | 132 000 |
| Bruto wins | 63 800 |
| Netto wins | 26 400 |
| Eienaarsbelang | 88 000 |
| Vaste bates | 80 124 |
| Beleggings | 11 000 |
| Bedryfsbates | 36 036 |
| Bedryfslaste | 17 160 |
| Nie-bedryfslaste | 22 000 |
| ***Let wel:*** *Handelsvoorraad (bedrag reeds ingesluit in bedryfsbates)* | *20 900* |

**Addisionele Inligting**

- Eienaarsbelang vir Junie 2021 beloop R82 500.

**TOTALE PUNTE: 100**